# FAKKEL-FLITSE

*Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!*

Hoërskool Framesby
HANDHAAF EN BOU

UITGAWE 291 · 10 FEBRUARIE 2023

Kontakbesonderhede: mediasentrum@framesby.co.za

## GR. 12-PRETDAG TE VAN STADENS-OORD

Groot was die opwinding toe 200 matrieks drie groot busse en 'n kleinbussie volgepak het op pad na 'n heerlike pretdag te Van Stadens-oord. Die klasse was baie oorspronklik en het volgens temas aangetrek. Sommige klasse (12F) het selfs t-hemde laat druk vir die dag. Die dag is aangebied deur RED CHERRY ADVENTURES waar hulle verskeie spanbou-aktiwiteite moes voltooi. Daarna is daar heerlik in die mond op bote baljaar. Na 'n middagete het die leerders kans gekry om met hul maats te kuier en te swem. Die sewe graad 12-voogde A- G. Smith, B- M. Janse van Rensburg, C-N. Potgieter, D-K. Aspeling, E-D. du Piesanie, F-D. Barnard, G- E. Jonker sowel as die graadhoof, me. J. Schoeman het die leerders vergesel. Hulle het ook 'n spesiale t-hemp vir die dag laat druk om by te dra tot die pret.



## 0/14 A KRIEKET KLOP KINGSWOOD!

KRIEKET: SEUNS
o/14 A vs Kingswood Kollege
Kingswood word uit geboul vir 43 van 16.3 beurte.
Beste Boulers:
- Kiaan Aylward 5 vir 5 (1)
- Liam Olivier 1 vir 11(2.2)
- Ruan Matthee 2 vir 11 (3.7)

Framesby behaal 44 lopies in 7 beurte.

Beste Kolwers:
- Franco Olivier 20(16)*
- Malan Meiring 12(20)
- Kiaan Aylward 8(6)*

Framesby wen met 8 paaltjies.

## VERJAARSDAE DIE WEEK

### SATERDAG • 11 FEBRUARIE
Chales Blignaut
Leane Britz
Anel Conradie

### SONDAG • 12 FEBRUARIE
Ivania Fourie
Janique Terblanche
Jayden van Heerden
Kaylee van Niekerk
Hendrick van Tonder

### MAANDAG • 13 FEBRUARIE
Mnr. Douglas Mkosana (terrein)
Tristan Brown

### DINSDAG • 14 FEBRUARIE
Kayla Claassen
Carmia Marx
Mikayla Schoultz

### WOENSDAG • 15 FEBRUARIE
Juffrou S. Havenga
Ethan Gunn
Jade Jordan
Lee-Ann Kohler
Nikita Page
Calika Roberts
Marco vd Walt

### DONDERDAG • 16 FEBRUARIE
Ruben Fourie

### VRYDAG • 17 FEBRUARIE
Dewald Barnard
Graeme Gellatly
Kate Gough
Eliska van Heerden
Serita Venter

**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR: SUNRIDGE VILLAGE**

# MATRIEKDAG


















SUNRIDGE VILLAGE

Centre Managment:
041 360 9442

SUNRIDGE VILLAGE

Kragga Kamma Road,
Sunridge Park

SUNRIDGE VILLAGE

GENERATED POWER 24/7

# UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek wil begin deur ons Hemelse Vader te bedank dat hy so mooi na die Framesby-familie kyk. Alle eer aan Hom!

Ouers, ek wil graag die volgende belangrike punte vir u uitlig:

A) DATUM VERANDERINGS OP JAARPROGRAM
- ASA-atletiekkampioenskappe skuif na 23-25 Maart 2023 en sal te Pietermaritzburg plaasvind.
- SA Skole-kampioenskappe skuif na 2-5 April 2023 en sal te Germiston plaasvind.
- Paint Run skuif van 24 Februarie 2023 na 4 Augustus 2023.

B) AFWESIGHEID VAN LEERDERS
Ek wil 'n beroep op u doen om toe te sien dat leerders skool bywoon. Dit dra by tot hulle sukses. Leerders wat gereeld afwesig is, sukkel akademies en kom nie die mas op nie. Hierdie leerders wat gereeld afwesig is, hou die plek van 'n ander leerder wat graag hier wil wees. U samewerking word dringend in hierdie verband gevra.

Indien u leerder afwesig gaan wees, kontak die graadhoof. Ons graadhoofde se kontakbesonderhede is as volg:

Gr. 8: hstrauss.framesby@gmail.com
Gr. 9: erwinstrauss@outlook.com
Gr. 10: lschelbert@framesby.co.za
Gr. 11: fvdwalt@framesby.co.za
Gr. 12: jeanette.schoeman@yahoo.com

C) DATUMS - ASSESSERINGS
Neem kennis van die volgende assesseringdatums:

Kwartaal 1

| | | | |
|---|---|---|---|
| 13 Februarie (graadperiode) | FW | Standaardtoets | gr. 12 |
| 20 Februarie (klastyd) | RTT | Praktiese toets | gr. 11 |
| 27 Februarie (senior saal) | RTT | Praktiese toets | gr. 12 |
| 27 Februarie (senior saal) | FW | Standaardtoets | gr. 11 |

Kwartaal 2

| | | | |
|---|---|---|---|
| 24 April (junior saal) | Wiskunde | Standaardtoets | gr. 8-9 |
| 8 Mei (senior saal) | FW | Standaardtoets | gr. 10 en 12 |
| 15 Mei (graadperiode) | LW | Standaardtoets | gr. 10-12 |
| 16 Mei (klastyd) | RTT | Praktiese toets | gr. 10 |
| 17 Mei (klastyd) | RTT | Praktiese toets | gr. 12 |

Kwartaal 3

| | | | |
|---|---|---|---|
| 14 Aug (senior saal) | FW | Standaardtoets | gr. 11 |
| 28 Aug (graadperiode) | FW | Standaardtoets | gr. 10 |
| 28 Aug (graadperiode) | RTT | Praktiese toets | gr. 11 |
| 28 Aug (klastyd) | RTT | Praktiese toets | gr. 10 |

Kwartaal 4

| | | | |
|---|---|---|---|
| 16 Oktober (graadperiode) | Wiskunde | Standaardtoets | gr. 10-11 |

PAT-TAKE EN ONDERSOEKE AAN LEERDERS

- Dramatiese Kunste:

Gr. 11 en 12: PAT-taak

Uit: 2 Februarie
In: 2 Maart

Gr. 10: PAT-taak

Uit: 3 Februarie

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

In: 2 Maart

- Fisiese Wetenskap: Graad 8 & 9

Gedurende die kwartaal gaan daar vier ondersoeke in die klaskamer by die klas onderwyser/es geskryf word. Die onderwyser/es tref reëlings met die leerlinge ten opsigte van wanneer die formele assessering geskryf word. Hierdie ondersoek dra 20% tot die NW-kwartaalpunt by. Maak asseblief seker dat u leerder elke dag by die skool is – hierdie is verpligte assesserings.

D) DATUMS VIR DEURLOPENDE ASSESSERINGS (SGA)

NATUURWETENSKAP GRAAD 8-9
Lewenswetenskap – Week van 13 – 17 Februarie 2023 gee die onderwyser/es die projek aan leerders in die klas.
Leerders moet dit op Woensdag, 1 Maart 2023, tydens voog ingee.
Hierdie ondersoek dra 20% tot die Natuurwetenskap-kwartaalpunt by.
Hierdie is ‘n verpligte assessering.

LEWENSORIËNTERING GRAAD 10-11
‘n Brongebaseerde taak word op 14 Februarie aan die leerders uitgedeel en moet 2 Maart ingehandig word.
PAT (die praktiese komponent MOET deur alle leerders voltooi word) vind vanaf
8 tot 20 Februarie plaas.
Hierdie prakties word ook deur graad 12’s voltooi.

EBW GRAAD 8-9
Opdrag 1 word in klastyd vanaf 17 Februarie tot 2 Maart voltooi.

IGO GRAAD 10-12
Leerders teken elke dag in die klas om hul SGA-portefeulje vir die kwartaal te bou.

LO GRAAD 8-9
Leerders ontvang hul Taak 14 Februarie tydens voogperiode.
Daar word in die klas en by die huis gewerk aan die Taak.
Die Taak moet teen 3 Maart afgehandel wees en in voog weer ingehandig word.

LANDBOUWETENSKAPPE
Leerders gaan gedurende klastyd hul praktiese toets vir die kwartaal skryf, waar leerders ‘n afbakening vooraf sal ontvang.
Graad 10 gaan op 15 Februarie skryf.
Grade 11 en 12 sal op 17 Februarie skryf.

E) AFWESIGHEID TYDENS SGA
Geen doktersbriewe word vir take, projekte, ensovoorts aanvaar nie.
Waar leerders afwesig is, moet hulle sodra hul terug is by die skool, die assesserings inhaal. Slegs tydens die toetsreeks word dokters- of kliniekbriewe aanvaar.

F) TOETSREEKSROOSTER – 6 TOT 15 MAART 2023
Ongelukkig moet ons hier en daar veranderinge aanbring van datums in die dagboekie as gevolg van nuwe ATP’s en foute op die rooster.

Aangeheg is die nuwe rooster met die tydsduur van elke vraestel bygevoeg. Verdere reëlings oor die toetsreeks sal in ‘n latere nuusbrief deurgegee word.

Ouers, ek sluit af deur u te bedank vir u ondersteuning. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms is blou en goud. Kom ons werk almal daaraan om dit so te hou.

MARIUS GERMISHUYS
SKOOLHOOF



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

## TOETSREEKSROOSTER: 6 TOT 15 MAART 2023
## GRAAD 8 TOT 12

| Graad | Sessie | 6 Mrt. | 7 Mrt. | 8 Mrt. | 9 Mrt. | 10 Mrt. | 13 Mrt. | 14 Mrt. | 15 Mrt. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **8** | **1** | WISK 60 min | GESK 60 min | AFR 90 min | FW Toets 40 min Ondersoek 10 min | ENG HL 60 min ENG FAL | LW 35 min | EBW 45 min | Dig. Tegn. 40 min |
| | **2** | | GEO 55 min | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| **9** | **1** | GEO 55 min | ENG HL 90 min ENG FAL | EBW 45 min | LW 40 min | AFR 90 min | FW Toets 45 min Ondersoek 10 min | TEG 60 min | WISK 60 min |
| | **2** | GESK 60 min | | | | | | | |
| | | | | | | | | | |
| **10** | **1** | FW 2 ure | REK 90 min KUNS 75 min | VBS 60 min | LW 80 min | TOER 60 min | WISK 60 min WG | IGO 60 min | BS 90 min |
| | **2** | IT 60 min | GEO 60 min | LANDB 90 min | RTT(CAT) 50 min | AFR 60 min | DRAMA 60 min | ENG HL 60 min ENG FAL | |
| | | | | | | | | | |
| **11** | **1** | VBS 60 min | WISK 75 min WG 60 min | BS 90 min MUSIEK 60 min | TOER 60 min | AFR 60 min | FW 2 ure | LANDB 90 min DRAMA 60 min | REK 90 min |
| | **2** | GEO 60 min | ENG HL 60 min ENG FAL | LW Pr. 30 min (lab x3) LW Toets 50 min | KUNS 75 min | RTT(CAT) 50 min | IGO 90 min | IT 60 min | |
| | | | | | | | | | |
| **12** | **1** | WISK 75 min WG 60 min | REK 2 ure | ENG HL 100 min ENG FAL 90 min | FW 2 ure DRAMA 60 min | BS 90 min | TOER 60 min | AFR 60 min | LW 80 min |
| | **2** | IGO 2 ure | GEO 60 min | VBS 60 min | | RTT(CAT) 50 min | IT 60 min | MUSIEK 90 min KUNS 75 min | LANDB 90 min |

## NOTAS:

- Praktiese vakke soos IT en RTT (CAT) doen hul praktiese toetse deur die loop van die kwartaal.
- Addisionele standaardtoetse in sekere vakke sal steeds deur die loop van die kwartaal, soos voorgeskryf, geskryf word.
- In die meeste vakke word take, projekte, opdragte, navorsing, mondeling, ensovoorts steeds vereis.
- Hou NUUSBRIEF dop met datums wat bykom.

SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment: 041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road, Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY STAP WEG MET 3DE PLEK

**Tweekamp - Highgate Interprovinsiale Kampioenskappe**

Die Highgate Interprovinsiale Tweekamp Kampioenskappe het op 4 en 5 Februarie te Oudtshoorn plaasgevind. Dit is die tweede grootste Tweekamp Kampioenskappe in Suid-Afrika naas die Nasionale Kampioenskappe. Hoërskool Framesby het 11 atlete wat die Oostelike Provinsie verteenwoordig.

Die atlete is:
Dogters

- Elmé Vermaak – o/15D A-Span – 12de plek met 2012.19 punte.
- Mari Geisler – o/17D A-Span – 15de plek met 1977.52 punte.
- Kylie Klaasen – o/17D A-Span – 19de plek met 1960.38 punte.
- Ilke Wolmarans – o/17D A-Span – 24ste plek met 1931.74 punte.
- Elanca van Jaarsveld – o/19D A-Span – 12de plek met 1958.24 punte.
- Zané Jubber – o/19D A-Span – 17de plek 1903.69 punte.
- Annabel Jonck – Junior Vroue – 4de plek met 1941.06 punte.

Seuns

- Jaco Strydom – o/17S A-Span – 9de plek met 2009.96 punte.
- Luhann Sprong – o/17S B-Span – 40ste plek met 1875.80 punte.
- Francois Vosloo – o/19S A-Span – 7de plek met 2025.09 punte.
- Marco Sprong – o/19S A-span – 17de plek met 1973.72 punte.

**Die uitstekende individuele prestasies van die 11 atlete het aan Hoërskool Framesby die DERDE plek in die skole-afdeling besorg.**



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# OOSTELIKE PROVINSIE ATLETIEKLIGA ASA 2

Oostelike Provinsie Atletiekliga ASA 2
Die afgelope Vrydag en Saterdag was die tweede OP Atletiek Liga byeenkoms. Hoërskool Framesby was baie goed verteenwoordig deur die atlete wat so vroeg in die seisoen hul merk op die baan gemaak het . Die volgende resultate is deur die atlete behaal:

Dogters 0/16
Jamie-Lee Bester – 1500m Hindernis – 1e
Tiané Slabbert – Paalspring – 1e
Kayla du Preez – 300H – 1e
Kayla du Preez – 90H – 2e (805 punte)
Anel Conradie – 200m – 5e
Anel Conradie – 100m – 7e
Anneke Grobler – 100m – 12e

Dogters 0/18
Zalita Knoetze – Hamergooi – 1e (841 Punte)
Inge van Eyk – Paalspring – 1e
Jade de Jager – Paalspring – 2e
Meke de Vries – 100H – 2e
Meke de Vries – 400H – 2e
Tanya Boshoff – 200m – 2e
Ciarah Santos – 400m – 2e
Alexia Meiring – Paalspring – 3e
Ciarah Santos – 200m 4e

Dogters 0/20
Zanri Black – 200m – 2e
Zanri Black – 800m – 2e – (871 punte)

Seuns 0/16
Kayden Thoressen – Paalspring – 1e
Kayden Thoressen – Driesprong – 1e
Kayden Thoressen – 100H – 2e
Kayden Thoressen – Hoogspring – 2e
Jano Janse van Vuuren – Verspring – 2e
Jano Janse van Vuuren – Driesprong – 2e
Lincoln Kunneke – Kunneke – Diskusgooi – 2e
Lincoln Kunneke – Gewigstoot – 3e
Ruben Bouwer – 1500m – 6e

Seuns 0/18
Mondré van Heerden – 2000m Hindernis – 1e

Seuns 0/20
Schalk Stroebel – Paalspring – 1e

Samevatting:
1ste plek – 9
2de plek – 13
3e plek - 2







SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7


Hoërskool Framesby
DONDERDAG
16 FEBRUARIE 2023
OM 18:00
IN DIE KOSBLIK
GRAAG NOOI ONS U UIT NA DIE
RUGBY
OUERINLIGTINGSAAND

# KRIEKET UITSLAE:

**Framesby eerstespan vs Kingswood**
Framesby wen die loot en kolf eerste.
Framesby behaal 131 almal uit.
Beste kolwers:
Taine Douw 32
Dewan Wessels 26
Pieter Snyders 22

Kingswood behaal 133/3
Beste boulers:
Logan Fleetwood 26/2 in 6 beurte.
Luwagean Goliath 12/1 in 2 beurte.
Juanré de Vos 6/0 in 4 beurte.

Kingswood wen met eerste beurt telling.

**Framesby 2des Vs Kingswood 2nds**
Kingwood wen die loot en kolf 1ste en betaal 178 almal uit
Beste boulers:
Waldo van As 32/6 in 10 beurte
Ethan Gunn 36/2 in 5 beurte

Framesby behaal 131 almal uit
Beste kolwers:
Marko Steenekamp 27
Milan Terblance 18

Kingswood Wen met 48 lopies.

**Framesby 0/15A vs Kingswood 0/15A**
Framesby wen die loot en besluit om eerste te boul.

Kingswood behaal 235 almal uit in 49.1 beurte.

Beste Boulers:
Owen Wessels 3/44 in 10 beurte
Christiano Ellis 2/26 in 9.1 beurte

Framesby behaal 97 almal uit

Beste Kolwers:
Durandt Roodman 28
Renquin Goliath 14

Kingswood wen met 138 lopies.

**Framesby 4de t. HTS Newton 1ste**
Framesby kolf eerste en behaal 160-6 in 20 boulbeurte.

Beste kolwers:
Teagan Ludwig 69*(61)
Caleb Beer 23(13)
Josh Fortuin 14*(9)

HTS Newton kolf en behaal 56 almal uit in 16 boulbeurte.

Beste boulers:
Caleb Beer 6-3 (3 boulbeurte)
Ewald Muller 2-2 (1 boulbeurt)
Josh Fortuin 7-1 (4 boulbeurte)

Framesby wen met 104 lopies.

KRIEKET: DOGTERS
Dogterskrieket
**2de vs Westering**
Framesby boul Westering uit v 41 lopies
Framesby kry 43 lopies in 8.2 boulbeurte
Wen met 8 paaltjies
Beste bouler Daniel Botha 3/1/2/2

**1ste vs Collegiate**
Hulle behaal 63 lopies in 20 boulbeurte
Framesby kry 65 in 12 boulbeurte
Wen met 5 paaltjies
Beste bouler Ankia Kapp 4/1/8/5

# TENNIS LIGA:

TENNISLIGA RONDTE 1
3de meisies verloor 3-1 teen St Dominics

1ste seuns wen Brandwag 4-0
2de seuns wen Woodridge 3-1
3de seuns wen St Dominics 3-1
4de seuns speel gelyk op teen Pearson
5de seuns wen DF 4-0

# TENNIS PROEWE:

Die afgelope naweek was die 2de rondte van die OP-tennis proewe. Twee van ons spelers het uitstekend gevaar.

Leila Nel het 1ste in die 0/19 groep en Eben Peens 3de in die o/15 groep geëindig.

Baie geluk!





SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# SNEEUWITJIE VAN WINTERVILLE

Drie strawwe oudisies vir spel, sang en dans is gehou en die geselskap vir ons 2023 Musiekblyspel ‘SNEEUWITJIE VAN WINTERVILLE’ is gekies. Baie geluk aan elkeen wat gaan deel vorm van die opvoering, en dankie vir almal wat aangedui het dat hulle iewers met kostuums, dekor, bemarking, grimering of iets anders gaan help. Hou solank julle dagboeke oop van 11 -13 Mei 2023 vir ‘n sprokie met ‘n kinkel of twee.

| SNEEUWITJIE VAN WINTERVILLE | - | ROLVERDELING |
|---|---|---|
| SNEEUWITJIE | - | LIANA SERFONTEIN (gr 11) |
| PRINS ADRIAAN | - | HUGO NOTHNAGEL (gr 12) |
| HOFMUSIKANT | - | DIVAN BESTER (gr 12) |
| NARSISSA (STIEFMA) | - | MEV C VOSLOO-POTGIETER |
| DINA DIENSTIG | - | RYAN O’EHLEY (gr 12) |
| DAME DALEEN | - | MNR DIVAN BARNARD |
| SAREL SYSAK | - | JUAN WHITTLE (gr 12) |
| JACOB REGOP | - | JOHN-LOUIS VOSLOO (gr 10) |
| DIE SPIEÈL | - | LARA NELL (gr 11) |
| DOK | - | ANKE ROSSOUW (gr 10) |
| DOMPIE | - | ANNEKE GROBLER (gr 9) |
| GIGGEL | - | KARLA MYBURGH (gr 8) |
| BANGJAN | - | LEANÉ DU PREEZ (gr 9) |
| SLAAPKOUS | - | MIEKE DOLPHIN (gr 11) |
| GROMPOT | - | MILLA VAN DER MERWE (gr 11) |
| SNOTKOP | - | ME-JEAN DU PREEZ (gr 9) |
| KNEG 1 | - | KARLÉ DU PREEZ (gr 11) |
| KNEG 2 | - | SERITA VENTER (gr 11) |
| KNEG 3 | - | FRANCOIS SMIT(gr 9) |
| EKSTRAS | - | THERESE OTTO |
| | | CARMEN STRYDOM |
| | | LANÉ WILKEN |
| | | ZANÉ PIETERS |
| | | ZANIE VLOK |
| | | ROWAN VAN SCHALKWYK |
| SEREMONIEMONSTERS | - | LARA BENN |
| | - | VENESSA BOUWER |

DANSERS
KELLY SCHOEMAN
DANÉ KLAASEN
ZANRI BLACK
RITAÉ ELS
DANEL PIETERSE
ZANIE VLOK
LANÉ WILKEN
CHANTÉ KOTZE
ANNICA BOTHA
NICKE VAN ROOYEN
LUCY LE GRANGE
ANNAKE VAN ANTWERPEN
JENNIFER SMITH
KALEY SCHELLINGERHOUT
SIMONE VERMEULEN
ANIKA JOHNSTONE
ILZE HATTINGH
CARLA KRUGER
ESRI LE GRANGE

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# SNEEUWITJIE VAN WINTERVILLE



**SNEEUWITJIE**
LIANA SERFONTEIN



**PRINS ADRIAAN**
HUGO NOTHNAGEL



**HOFMUSIKANT**
DIVAN BESTER



**NARSISSA (STIEFMA)**
MEV C VOSLOO-POTGIETER




**DINA DIENSTIG**
RYAN O'EHLEY



**DAME DALEEN**
MNR DIVAN BARNARD



**SAREL SYSAK**
JUAN WHITTLE



**JACOB REGOP**
JOHN-LOUIS VOSLOO




**DIE SPIEÈL**
LARA NELL



**DOK**
ANKE ROSSOUW



**DOMPIE**
ANNEKE GROBLER



**GIGGEL**
KARLA MYBURGH



**BANGJAN**
LEANÉ DU PREEZ



**SLAAPKOUS**
MIEKE DOLPHIN



**GROMPOT**
MILLA VAN DER MERWE



**SNOTKOP**
ME-JEAN DU PREEZ



**KNEG 1**
KARLÉ DU PREEZ



**KNEG 2**
SERITA VENTER



**KNEG 3**
FRANCOIS SMIT



**EKSTRA**
THERESE OTTO



**EKSTRA**
LANÉ WILKEN



**EKSTRA**
ZANÉ PIETERS



**EKSTRA**
ZANIE VLOK



**EKSTRA**
ROWAN VAN SCHALKWYK



**EKSTRA**
CARMEN STRYDOM

# FRAMESBY KRIEKET KWARTAAL 1 – 2023

**Januarie:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 28 | - | 2de vs Grey 2( 50 beurte ) | @ Framesby |
| 30 | - | o/14 B vs Andrew Rabie | @ Framesby |
| | - | o/14 C vs Pearson | @ Framesby |
| 31 | - | o/15 A vs VP( T20 ) | @ Framesby |
| | - | 2de Dogters vs Westering | @ Framesby |
| | - | 2de vs VP( T20 ) | @ VP |
| | - | o/14 A S vs VP( T20 ) | @ VP |

**Februarie:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | - | o/15 B vs Chatty A | @ Framesby |
| | - | 3de vs New Brighton HUB | @ NBH |
| | - | 4de vs Newton Tech 1 | @ Framesby |
| 2 | - | 1ste Dogters vs Collegiate | @ Collegiate |
| 3 | - | o/15 A & 1ste vs Kingswood ( T20 ) | @ Kingswood TBC |
| 4 | - | o/15 A & 1ste vs Kingswood ( 50 beurte ) | @ Kingswood |
| | - | 2de en o/14 A vs Kingswood | @ Framesby |
| 6 | - | o/14 A vs Grey PE | @ Framesby |
| | - | o/14 B vs Grey PE | @ Grey |
| | - | o/14 C vs Grey PE | @ Framesby |
| 7 | - | 2de Dogters vs Alex | @ Framesby |
| 8 | - | o/15 A vs Grey PE | @ Grey |
| | - | o/15 B vs Grey PE | @ Framesby |
| 9 | - | 1ste Dogters vs Alex | @ Alex |
| | - | 2de vs Grey PE | @ Grey |
| | - | 3de vs Grey PE | @ Grey |
| | - | 1ste en o/15 A vs Boland Landbou | @ Wellington |
| 10 | - | 1ste en o/15 A vs Paarl Gim | @ Paarl |
| 11 | - | 1ste en o/15 A vs Somerset College | @ Somerset Wes |
| | - | 2de vs Pearson 3 | @ Framesby |
| 13 | - | o/14 B vs Brandwag | @ Brandwag |
| | - | o/14 C vs Westering | @ Westering |
| 14 | - | 2de Dogters vs Priory | @ Framesby |
| 15 | - | o/15 B vs DF Malherbe A | @ Framesby |
| | - | 3de vs Daniel Pienaar | @ DP |
| | - | 4de vs Chatty 1 | @ Framesby |
| 17 | - | 1ste en o/15 A vs Nico Malan ( T20 ) | @ NM |
| | - | 2de en o/14 A vs Nico Malan ( T20 ) | @ Framesby |
| 18 | - | 1ste en o/15 A vs Nico Malan | @ Framesby |
| | - | 2de en o/14 A vs Nico Malan | @ NM |
| 21 | - | 2de Dogters vs Collegiate | @ Framesby |
| 22 | - | o/15 B vs Despatch A | @ Despatch |
| | - | 3de vs Lawson Brown 1 | @ Framesby |
| | - | 4de vs Theodor Herzl 1 | @ Framesby |
| 23 | - | 1ste Dogters vs New B HUB | @ Framesby |
| 25 | - | 1ste vs Muir | @ Framesby |
| | - | 2de vs Douglas Mboba | @ Framesby |
| 28 | - | 2de Dogters vs Gelvandale HUB | @ Framesby |

**Maart:**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1 | - | o/15 B vs Gelvandale HUB A | @ Framesby |
| | - | 4de vs Patterson 1 | @ Framesby |
| 2 | - | 1ste Dogters vs DF Malherbe | @ DFM |
| 4 | - | 1ste en o/15 A vs Woodridge | @ Framesby |
| | - | 2de en o/14 A vs Woodridge | @ Woodridge |

# DIE HANGER:

SKOOLROKKE NOU IN VOORRAAD BY DIE HANGER TEEN R415



# FRAMESBY OUDSKOLIERE

## ONS GESELS MET: HANDRE SNETLER







*Handre Snetler*

Ek het in 2009 aan Hoërskool Framesby gematrikuleer.

Daar is beslis menigte herinneringe en dinge wat ek van my skoolloopbaan sal onthou en ook sal mis. Om deur jou eie broer gedoop te word, is beslis nie so lekker as wat ek gedink het nie, maar tog iets wat ek altyd sal onthou. Die sportdae en toere is verseker die hoogtepunt van my skoolloopbaan. Dit is waar ek die meeste van my vriendskappe gevorm het en tot vandag toe sal onthou.

Ek was baie bevoorreg genoeg om aan vele sportsoorte deel te neem. Om ‘n eerstespan by Framesby te verteenwoordig was altyd ’n groot eer en om dit in 4 sportsoorte te kon doen sal ek altyd onthou. Ek het in 2005 as ’n graad 8leerling eerstespan tennis gespeel, maar ongelukkig het dit met te veel ander sportsoorte gebots waar ek na een jaar ongelukkig opgehou speel het. Ek was ook vir 5 jaar ‘n lid van die eerste Gholfspan. In 2008 het en vir die eerste keer ’n muurbalrakket opgetel en teen die einde van die tweede kwartaal het ek deel gevorm van die eerstespan, waar ek tot die einde van my skoolloopbaan gespeel het, asook as nr. 1 speler geëindig het. Dit het ook gelei dat ek in die 0/19A OP-span opgeneem is en teen die bestes in die land kon kompeteer.  In 2008 was ek onder leiding van mnr. Chris van Niekerk deel van die eerstespan krieket. ‘n Hoogtepunt was ook om as die mees veelsydige sportman in my matriek jaar aangewys te word. Die kriekettoere “plaas” en Mosselbaai toe is beslis van die beste tye wat ek sal onthou.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

Ek het ook in my matriekjaar vir die 2de rugbyspan (Shanana Blues) gespeel. Dit is die tye op die sportterreine, saam met al jou vriende, wat beslis as herinneringe uitstaan. Ek het aangehou met krieket na skool waar ek oor die 100 wedstryde vir Port Elizabeth Krieket Klub, oor ’n tydperk van 10 jaar gespeel het, asook vir 2 jaar kaptein was.

Ek het na skool vanaf 2010 tot 2014 my B Ed (FET-Cum Laude) graad aan die Nelson Mandela Universiteit voltooi. Ek het my finale proefjaar aan Hoërskool Framesby voltooi waar ek vele proeflesse kon gee en ook deel van verskeie afrigtingspanne vorm. Die volgende jaar was ek gelukkig genoeg om ‘n wiskunde pos by my alma mater te kry en weer deel te vorm van die Framesby-familie. Ek was baie bevoorreg om onder leiding van my mentor mnr. Anton Gerber by die wiskunde fakulteit aan te sluit waar ek baie kon leer. Tydens die 4 jaar by Framesby kon ek my passie vir die onderwys uitleef en vele leerlinge op akademiese en sportgebied ontwikkel. Om die eerstespan gholf en krieket af te rig, was beslis ’n hoogtepunt in my tydperk as onderwyser by Framesby. Daarna het ek vir ‘n jaar in die korporatiewe bedryf gaan werk, voordat ek besef het my passie is werklik in die onderwys. In Augustus 2019 betree ek weer die onderwys in Abu Dhabi, Verenigde Arabiese Emirate, waar ek tans Wiskunde onderig by Gems Cambridge International School. Ek is baie gelukkig om by ’n internationale skool, skool te gee en baie geleenthede te kry om te groei en my roeping uit te leef. In my vrye tyd speel ek nog klub-rugby en liga gholf in Abu Dhabi.

Ek wil dan net graag afsluit om Hoërskool Framesby te bedank vir al die geleenthede wat ek as leerder gebied was en die wonderlike onderrig en lewenslesse wat my as student en mens gevorm het.

Groete
Handre Snetler











SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# ALUMNI SAMEKOMSTE 2023:

**10 Junie:** Kaapstad (lokaal sal teen einde Januarie 2023 bevestig word)
**17 Junie:** Affies,1920 Restaurant, Pretoria
**12 Augustus:** Framesby, Port Elizabeth (Sportnaweek teen Marlow)
**9 September:** Oubaai Golf Estate, George
**16 September:** Bains Lodge, Bloemfontein

Moet dit nie misloop nie! Dagboek solank die bogenoemde datums.

Verdere inligting sal binnekort deurgegee word en besprekings kan vanaf 1 Maart 2023 gemaak word. Kostes sal teen einde Januarie 2023 deurgee word. Kaartjies sluit kos en drank(alkoholiese en nie-alkoholiese verversings) in. Ons moedig reunie-groepe aan om hul samekomste die 12de Augustus te hou.



# OUDSKOLIERE MEMORABELIA:

Ons wil graag memorabelia vir ons oudskoliere ontwerp en laat maak. Enige voorstelle kan na mediasentrum@-framesby.co.za ge-epos word.

SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# OUDSKOLIERE BERIGTE:

Indien jy iemand vir die Oudskoliere-berig wil nomineer, kontak ons gerus : mediasentrum@framesby.co.za.

Ons wil graag berigte plaas van al ons oudskoliere, maar benodig hul selfoonnommer/e-pos om kontak te maak.

Dis altyd lekker om te hoor waar ons oudskoliere hulself vandag bevind sowel as om terug te kyk na almal se Framesby herinneringe.



SUNRIDGE VILLAGE Centre Managment: 041 360 9442 SUNRIDGE VILLAGE Kragga Kamma Road, Sunridge Park SUNRIDGE VILLAGE GENERATED POWER 24/7

# FRAMESBY
## OUDSKOLIERE (FOS)

Beste Oudskolier
Ons wil julle graag van gebeure rondom jul alma mater op hoogte hou. Om hierdie rede wil ons graag ons databasis op datum bring en vra dat alle oudskoliere asb. die volgende inligting na **fos@framesby.co.za** sal e-pos:

- [x] NAAM EN VAN :
- [x] NOOIENSVAN:
- [x] ID-NOMMER:
- [ ] JAARTAL GEMATRIKULEER:
- [ ] ADRES:
- [ ] PROVINSIE:
- [ ] BEROEP:
- [ ] TELEFOON:
- [ ] SELFOONNOMMER:
- [ ] E-POSADRES:

**U inligting bly hoogs vertroulik.**
**Die rede hoekom ons u ID-nommer benodig, is om te verhoed dat ons duplikate op ons sisteem stoor.**



SUNRIDGE VILLAGE
Centre Managment:
041 360 9442
SUNRIDGE VILLAGE
Kragga Kamma Road,
Sunridge Park
SUNRIDGE VILLAGE
GENERATED POWER 24/7

# HOE HOËRSKOOL FRAMESBY
## VANAF APRIL 2019 TOT DESEMBER 2022 GEGROEI HET

1. WOLKSKOOL
2. WIFI
3. KAMERAS MET KLANK IN KLASKAMERS
4. DIE KOSBLIK
5. MODERNE KLEREWINKEL
6. ASTRO-HOKKIEBAAN
7. PUIK NETBAL FASILITEITE
8. UITSTAANDE KRIEKET OEFENGERIEWE
9. WYE VAKKEUSE EN DRIE NUWE VAKKE: LANDBOU, DRAMA, KUNS EN DIGITALE TEGNOLOGIE
10. 8 NUWE KLASKAMERS
11. BUSDIENS [DESPATCH EN UITENHAGE]
12. HOOF VAN NETBAL<br>HOOF VAN HOKKIE<br>HOOF VAN ATLETIEK
13. TARTAN VIR VERSPRING, HOOGSPRING EN DRIESPRONG
14. 13 AKADEMIESE POSTE BYGEKRY
15. LEESLABORATORIUM VIR GRAAD 8 - 9
16. SOLARPANELE
17. EVOLVE TENNIS AKADEMIE
18. DISKUSNET
19. VOLLEDIGE TOEGERUSTE GIMNASIUM: BIOKINETICI [DOGTERS EN SEUNS] EN FISIOTERAPEUT
20. NUWE BESPROEIING SISTEEM OP A -VELD




*Trots Afrikaans!*

**DIE TOEKOMS VAN FRAMESBY IS BLOU EN GOUD!**